

**Skriflesing:** Matteus 11: : 6- 19; Galasiërs 3: 23-29 (1933 '53 Vert)

Teks: **Mattheus 11:16-19; Galasiërs 3: 24-25**

Sing: **VOORAF SANG – Ps. 61:3, 6**

**TYDENS EREDIENS – Ps. 107:1,18; Ps. 40:4; Ps.128:4; ; Sb. 2-4 (33): 1,2; Ps. 90:9**

**Mattheus 11: : 6- 19**

Mat 11:6 En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie

Mat 11:7 En toe hulle vertrek, begin Jesus vir die skare aangaande Johannes te sê: Wat het julle uitgegaan om in die woestyn te aanskou? 'n Riet wat deur die wind beweeg word?

Mat 11:8 Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met sagte klere aan? Kyk, die wat sagte klere dra, is in die huise van konings.

Mat 11:9 Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, ook baie meer as 'n profeet!

Mat 11:10 Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak.

Mat 11:11 Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy.

Mat 11:12 Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld.

Mat 11:13 Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer.

Mat 11:14 En as julle dit wil aanneem: hy is Elía wat sou kom.

Mat 11:15 Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.

Mat 11:16 Maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk? Dit is net soos kindertjies wat op die markte sit en na hulle maats roep

Mat 11:17 en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie getreur nie.

Mat 11:18 Want Johannes het gekom en nie geëet of gedrink nie, en hulle sê: Hy het 'n duiwel.

Mat 11:19 Die Seun van die mens het gekom—Hy eet en drink, en hulle sê: Dáár is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars. Maar die wysheid is geregverdig deur sy kinders.

**Galasiërs 3: 23-29**

Gal 3:23 Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.

Gal 3:24 Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.

Gal 3:25 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.

Gal 3:26 Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;

Gal 3:27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.

Gal 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.

Gal 3:29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

**Skriflesing:** Matteus 11: : 6- 19; Galasiërs 3: 23-29 (1933 '53 Vert)

Teks: **Mattheus 11:16-19; Galasiërs 3: 24-25**

Sing: **VOORAF SANG – Ps. 61:3, 6**

**TYDENS EREDIENS – Ps. 107:1,18; Ps. 40:4; Ps.128:4; ; Sb. 2-4 (33): 1,2; Ps. 90:9**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, kan daar iets belangriker in hierdie wêreld bestaan as

God se koninkryk? Die koninkryk waarin Jesus Christus Koning is en ons as sy kinders in gehoorsaamheid aan Hom, wat ook Hoof is van die Kerk, vandag hierdie kindjie gedoop het.

Hierdie kindjie is so pas met sy doop vandag by die kerk van die Here ingelyf. Julle as

verbondsouers wou kragtens hierdie kindjie se geboorte en doop dit voor die Here bevestig

hierdie is nie ons kind nie. Ons kindjie behoort aan die Here. Julle as ouers het voor die

Here erken dat die genadeverbond is ook vir ons bedoel. Ons en ons kinders is deel daarvan.

Watter genade en watter voorreg om vandag dit alles weer te hoor, u belofte voor die Here af te lê, 'n belofte wat op geen stadium van ons en ons kinders se lewens ligtelik mee omgegaan mag word nie. Daarom weer die bevestiging in hierdie lewe van nou kan en mag daar niks vir ons belangriker wees as die koninkryk van God en wat God daarmee vir ons skenk nie.

In die huisgesin kan en mag daar vir ouers niks belangriker wees as die doopbelofte wat ons voor die Here afgelê het en wat ouers die verantwoordelikheid ten volle moet dra om hulle doopbelofte in alle opsigte uit te voer nie. 'n Belofte wat bly geld tot die kind self belydenis van sy/haar haar geloof in die Here voor die Here se gemeente sal kan en mag aflê. Met dit in gedagte het ons vandag uit Mattheus 11 en 'n paar verse uit Galasiërs 3 gelees. Mattheus 11 het met singende kinders te doen, Galasiërs 3 het met lerende kinders te doen.

Kom ons die twee gedeeltes bymekaar uitbring deur in en met ons kinders die volgende onself af te vra. Hoe sien ons die krag van God se koninkryk in die kinders aan die werk, in die tweede plek gaan dit ook om die ironie in God se koninkryk, in die laaste plek, die geheim wat daar in God se koninkryk vir ons oopgemaak word. Dit deur ons tugmeester, ons onderwyser, die Here se Wet.

**Eerste dan- die krag of kan ons ook sê die gesag in God se koninkryk:**

Jesus het vir sy twaalf dissipels nou al baie dinge wou leer. Lees ons hoofstuk 10 dan het Jesus ook baie mag en krag aan sy dispels gegee. Hulle wat ook siekes kon genees, onreine geeste uit mense uitdryf. Tog gaan dit in hoofstuk 11 nou weer meer oor Jesus Self. Dit wat Jesus self daar in die stede van Galilea kon leer en dit wat Hy gepreek het. Jesus se hoofinhoud van sy preke het nooit los gestaan van wat God se koninkryk beteken nie. Die koninkryk van God loop soos 'n goue draad deur alles wat Jesus gesê, gedoen gebid en geleer het. Nou het Jesus ook nader aan Johannes se dissipels gekom.

\*\*\*

Ons besef Jesus het 'n dissipelkring gehad en Johannes het ook 'n dissipelkring gehad. Twee kringe wat nooit gesien mag word as dit hulle in opposisie met mekaar mag wees nie. Dat hulle teen mekaar moes werk nie. Intendeel, die koms van Johannes die Doper was net om die pad vir die koms van Jesus Christus oop te maak. So sou ons kon verwag Johannes se dissipels eintlik maar op die einde een moes word met Jesus se dissipels, maar besef ons nou ook eenwording was nog nooit iets wat sommer vanself en maklik gebeur nie.

\*\*\*

As die gebeure in Mattheus 11 plaasvind dan sit Johannes daar in 'n tronk naby die Dooie See. Herodes het Johannes opgesluit omdat Johannes vir Herodes oor oortreding van die sewende gebod aangespreek het. Oor die vrou wat Herodes gehad het, het Johannes hom ernstig vermaan. Daaroor is Johannes in die tronk, later sy kop daaroor afgekap. Dit daargelaat.

\*\*\*

En nou gebeur die aangrypende. Mattheus 11 se begin moet ons eintlik gaan haal met wat met 'n kind gebeur het. Jesus het die weduwee van Nain se enigste seun, haar kind lewendig gemaak (vgl. Luk. 7:18-35). Die draagbaar was al op pad na die graf toe Jesus hierdie stoet in Lukas 7 tegemoetgegaan het. Die kind se opwekking was iets van 'n doop. Die kind staan op en word aan sy ma teruggegee. Hierdie kindjie van vandag is na sy doop aan sy ouers terug gegee. Staan op, so sien ons as 't ware 'n begrafnisstoet en doopstoet mekaar tegemoet loop, maar is dit nie die begrafnis wat wen nie, maar die doop wat wen. In die gelowige se lewe sal sy/haar doop altyd oor hulle grafte triomfeer.

Die dinge gebeur, wonderlike dinge maar Johannes is in die tronk vasgekeer. Hy beleef as't ware nie sy doop nie, intendeel. Hy begin vrae te vra, te worstel oor dinge wat hy vantevore oor baie seker was. Hy twyfel. Dis waarom Jesus vandag by die doop ook vir ons gesê het, gelukkig is jy, salig is jy as jy oor hierdie hierdie groot dinge nie twyfel nie. Dan stuur Johannes sy dissipels na Jesus toe, juis ook op grond van die wonder van die kind van Nain. Johannes vra deur sy dispels reguit vrae. Is u die Messias wat moes kom, of moet ons 'n ander een verwag. Is u die Christus of is u dit nie? Na aanleiding van die vraag gebeur dan baie van die dinge in Mattheus 11. Johannes soek na bewyse dat Jesus die Messias is dit terwyl Jesus dan heeltemal op 'n ander manier reageer. Jesus reageer nie net met bewyse nie, maar Hy antwoord ook met bewyse. Hyself is die bewys!

\*\*\*

Jesus se antwoord is wat ons as die koninkryk van God moet sien. Daar waar God regeer gee God nie bewyse maar is Sy koningskap, die heerlikheid waarmee Hy regeer is op sigself reeds die bewys. God se antwoord of dan nou sy bewys is wat sy Woord sê, dit wat sy beloftes is, daar waar die koninkryk van God 'n werklikheid in ons lewens word. Jesus se antwoord in vv 3-5 is juis antwoorde uit God se Woord. Dit wat baie lank gelede aangaande Jesus oor sy koninkryk geprofeteer is. Jesaja 35 vers 5 en Jesaja 61 vers 1 wat honderde jare voor die koms van Christus as profesie gedien het, was geprofeteer *5 Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowe ontsluit word* ook Jesaja 61 ... *1 DIE Gees van die*

*Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebroekenes van hart ...* Jesus antwoord Johannes se dissipels met wat die Woord van God as antwoord ook vir ons gee. Die bewyse lê juis in wat God self gesê het. Jesus sal nie as mens die aandag op Homself wil vestig nie, maar juis op die feit dat *salig, gelukkig is elkeen wat nie aan My nie aanstoot neem nie.* Die 1983 Vert vertaal dit *..En gelukkig is elkeen wat nie aan My begin twyfel nie."*

\*\*\*

Johannes se twyfel is menslik maar Jesus se werke en antwoorde is goddelik. Jesus se werke en antwoorde is vanuit die koninkryk van God gerig. As iemand eers dit besef dan word die mag en die gesag van Jesus se werk op heeltemal dieper vlak oopgemaak. Dan gaan dit oor God se koninkryk, nie oor Jesus as mens nie. Hy wat nie politieke bevryder en as verlosser uit en van die wêreld dien nie, maar sy verlossing is 'n verlossing van sonde en die dood en die wet wat die dood vereis. Jesus se antwoord is die koninkryk van God wat al hoe meer gaan deurbreek. Die koninkryk wat vir lank so onder geweld gely het (v 12). Geweldenaars probeer die koninkryk in besit neem. Tog is die koninkryk van Jesus nie vir die geweldenaars nie, maar vir die gedooptes, vir hulle wat waarlik in Christus glo, hulle wat by Hom ingelyf is, deel van sy kerk kon word. Terwyl ons die krag van God se koninkryk aan die werk sien is dit tog belangrik dat ons ook vandag sal raaksien, dit wat ons noem, die groot teenstrydigheid... of kom ons noem dit...

### **Die groot ironie in God se koninkryk:**

Johannes het twyfel vrae oor Jesus gehad maar Jesus het geen twyfel oor wie Johannes is nie. Jesus beskryf die persoon, die werk, die werklike rol wat Johannes in sy koms gespeel het van verskillende kante. Johannes was nie 'n man met deftige klere nie, hy sou nie tuis wou wees in konings se paleise nie, maar hy sou veel eerder in God se koninkryk tuis wees. 'n Man in die woestyn wat nie soos 'n riet in die wind heen en weer geruk sou word nie. Dan kom Jesus seker by die mooiste getuigskrif, die mooiste getuienis wat die Seun van God oor hierdie man gee wat in die tronk dit nie maklik gehad het nie.

Jesus se getuienis oor die koninkryk van God is ten nouste verweef met wat Johannes in sy lewe vir Jesus kom doen het. Al was daar so baie mense wat nie Johannes se getuienis wou aanvaar nie is die werklikheid en die waarheid dit wat Jesus van Johannes getuig het. Hy was beslis nie deur demone besete nie, maar hy was koninkryks-gedrewe. Dit wat God ook van ons as sy gedoopte kinders mag verwag om werklik koninkryks-gedrewe te wees. Jesus beskryf Johannes as een meer as 'n profete. Ja, van die ou profete, as ons die profete vanuit

die ou verbond een vir een sou moes opnoem dan staan Johannes ook in daardie ry. Die laaste in 'n ry van 'n lys wat daar baie Ou-Testamentiese profete na vore gekom het. Johannes staan nie n tree terug van wie almal as profete gedien het nie. Jesus sien hom dan meer as 'n profeet. So 'n groot ironie in van wat die mense van Johannes gesê het en dit wat Jesus se getuienis oor Johannes dan nou ook is. Hy wat die pad vir Jesus sou kom oopmaak. Jesus bevestig oor hierdie besondere profeet het ook die ander profete geprofeteer. Jesus wys so duidelik op Maleagi 3 se profesie wat al so 'n duidelike heenwysing na Johannes was. Ja, bevestig Jesus sy eie woorde met 'n *Amen*, maar voeg Hy ook daarby ... *Onder diegene wat uit vroue gebore is, is daar niemand groter as Johannes die Doper nie....*

Dit wat Jesus groot noem, dit noem die mense klein, ja hoe baie mense sien neer op wat ons as kerk van die Here ook vandag doen. Dit wat 'n paar druppels op 'n klein kindjie se voorkop mag beteken, mag daarop nie neergesien word nie. En dan wys Jesus op die groot ironie, die groot teenstrydigheid wat mense tussen Hom wat Jesus is en Johannes wou maak, terwyl Johannes en Jesus dienaars van een en dieselfde koninkryk is.

Jesus vergelyk dit met kinders wat op die markte twee liedere op hulle fluite gespeel het. Met die spel van fluite word daar gesing. Ons aanvaar kinders uit die verbond, baie van hulle ook besny, speel twee liedere. Eers 'n hartseer lied, ons mag dit dalk noem 'n begrafnislied, want ons het vir julle 'n treurlied gesing maar hulle het nie gehuil nie. 'n Lied wat Jesus die note op Johannes laat saamtrek. Johannes wat nie geëet, nie gedrink het nie, paleise was sy woning nie, tog het die mense Johannes nie wou erken vir wie hy waarlik was nie. Nee het baie gesê hy is van die duiwel besete. Hoe teenstrydig kan die mens se getuienis wees teenoor die getuienis wat Jesus self gegee het. Die ware getuienis wat Jesus gegee het oor hierdie man, een van die grootstes uit 'n vrou gebore. Een so 'n groot, maar tog so gering in wie waarlik groot is in God se koninkryk. Jesus se eie woorde bevat eintlik iets van 'n baie groot ironie!

Dan word die ironie nog groter. Dit gaan oor Wie Jesus waarlik is en tog besef mense nie met Wie het hulle waarlik te doen nie. Hy wat groot wonders doen, baie groot, die koninkryk se grootste kragte het in en deur Jesus losgebreek, maar mense kyk daarop neer. Die kinders speel 'n bruiloflied, so anders as die begrafnislied. 'n Lied wat Jesus op Homself laat saamtrek, waar ons weet die eerste van sy groot wonders was juis op 'n bruilof. Daar waar Hy water in wyn kon verander, waar daar feesvreugde en werklike opgewondenheid rondom Jesus se woorde en werke moes wees, maar wat maak die mens daarvan. Die antwoord lê in vers 19-

2020 Vertl... *Die Seun van die mens het gekom en geëet en gedrink, en hulle sê: 'Kyk daar, 'n vraat en 'n wysuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars.'*

Ons besef vandag as daar oor hierdie grootstes in God se koninkryk so 'n groot ironie kon wees, hoe is dit nie vandag gesteld nie. Baie dink nie eers werklik oor God se koninkryk nie en as daar so min of so klein van gedink word, dan is daar ook geen ywer vir God se koninkryk nie. Of die mens dink verkeerd daarvoor, soos die twee liedere kon weergee of die mens dink te klein daarvoor, soos wat ons in ons eie kerk-wees dit ook ervaar. Hoe kan dit anders wees, hoe kan dit reggestel word. Broeder en suster, dit kan alleen reggestel word by wat vandag in hierdie kerk gebeur het. Dit alles moet begin by die doop van ons kinders en dit wat ons kinders geleer word. As ons kinders nie reg geleer gaan word nie, of dalk nog erger, ons kinders word bitter weinig van God se koninkryk en kerk geleer, dan sal hulle nooit kan uitkom by wat ons laaste gedagte vandag is, wat ons noem ...

**Die geheim wat daar in God se koninkryk vir ons oopgemaak word:**

In die Ou Vertaling het ons Jesus in die slot van ons gelese verse hoor sê, spesifiek die ouer vertaling... *Die wysheid is geregverdig deur sy kinders.* Kinders wat wysheid moet leer en so leer ons wat ware geregtigheid in God se oë dan ook is. Kom ons vat daardie kinders in Mattheus 11 wat op die fluite kon speel. In daardie kinders se lewe gebeur daar iets baie besonders.

Hulle het ook in die oggend skool toe moes gaan. Tog het hulle skole baie vroeër begin as wat ons kinders vandag skool toe beweeg. Dit was nog donker dan moes hulle al begin skool toe stap. Ouers wou nie gehad het hulle kinders moes in die donker stap nie. Daarom het ouers iemand gehuur wat in daardie jare genoem is 'n *pedagoge*... 'n tugmeester. So 'n tugmeester wat gewoonlik al 'n volwasse slaaf uit huis uit was, het vir die ouers gewerk en het vir drie dinge moes sorg. Hy moes sorg dat daar brandende lampies is as hulle saam skool toe gaan. Die tugmeester moes sorg dat die kinders se leie reg was, 'n lei ken ons ou mense goed, dit waarop daar vroeër jare in die skole geskryf was. Papier was nog nie uitgevind nie, maar met 'n griffel en lei is die kinders in die skole geleer. Die derde wat die tugmeester met die kinders saamgedra het skool toe was hulle fluite. Die fluite waarmee daar liedere gespeel kon word, sulke liedere soos Mattheus 11 se liedere.

Besef u wat u kind vandag gedoop het, ja ons almal met gedoopte kinders, elk van die drie dinge wat die tugmeester met hom saamgedra het, se name het in Afrikaans met die letter L verband. 'n Lig, 'n lei, 'n lied. Ons kinders moet in die lig van God se Woord onderrig word,

daarsonder is ons verlore. Ons kinders moet leer om wat geskryf staan, dit wat op die lei van God staan, sy geskrewe Woord. Hierdie Woord wat vroeg reeds in ons en ons kinders se harte ingeplant word. Ons kinders moet dit ingeskerp word staan in Deuteronomium 6... vanaf vv 6-8... *6 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; 7 en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. 8 Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees.* Ons kinders moet van kleins af die regte liedere kan sing. Die lig, die lei, die lied, is wat hierdie kindjie vandag gedoop aan blootgestel moet word, dit wat hierdie kindjie moet leer. Mag die Here julle so toerus dat dit vir julle ook die grootste saak in julle lewe sal wees.

\*\*\*

In Galasiërs het ons gelees die Wet is ons *pedagoog*, ons tugmeester na Christus toe. Die Wet doen wat daardie tugmeester, daardie onderwyser moes doen. Terwyl dit donker was, moes hy en die kinders al begin stap. In die donker van die Ou Testament, die tyd nog voor Christus gekom het, het die Wet al begin om te leer wat dit is om by die ware Lig, Hy wat sê Hy is die Lig, by Jesus Christus uit te kom. Tog het die *pedagoog* ook 'n lig van sy eie gedra. In die lig van die evangelie moet ons ook die lig wat die Wet gee reg lees en toepas. Die Wet wat ons leer wat dit is om dankbaar te wees. Die Wet wil maar heenwys na wat die *pedagoog* ook wou wys, so is dit ons tugmeester na Christus toe, dat ons kan sien die ware Lig. Dit geskryf op die lei van ons harte, ja die lied wat in God se diens gesing word om Hom te loof. Mag dit ook hierdie kindjie vandag se deel wees, die lig, die lei, die lied, om Christus ontwil.

As ons dan Mattheus 11 se laaste gelese gedeelte in die ouer vertaling lees nl. *dat die wysheid is geregverdig deur sy kinders*, dan gaan dit om besondere wysheid, dit gaan om besondere kinders. Mag die kindjie vandag ook so 'n kind wees met die regte leer, die regte lei, die regte lied. 'n Kind tot regverdiging van God se wysheid. Die 2020 Vertaling stel dit - *die wysheid word deur haar dade in die gelyk gestel*, of die 1983 Vertaling *Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit.* - Watter voorreg as ons ons kinders mag grootmaak en hulle word die geslag wat ons mag sê *dat hulle wysheid word deur hulle dade in die gelykgestel*. Dan is hulle die kinders van wie ons mag sê *die wysheid is geregverdig deur sy kinders*.

AMEN